

**Vrydag 21 Julie**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 2:1-5**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 2:2; HK Sondag 25, Antwoord 67**

**Woord en sakramente: dieselfde boodskap**

In Vraag en Antwoord 67 wil die Kategismus beklemtoon dat daar 'n eenheid tussen Woord en sakramente is, en dat daar gevolglik ook ooreenstemming in hulle getuigenis is. Tog is dit nodig om eers op die verskille tussen Woord en sakramente te wys.

Die vernaamste verskil is dat die Woord voorrang bo die sakramente het. Die Heilige Gees bring deur die verkondiging van die Woord geloof tot stand en versterk ook die geloof. Daarteenoor kan die sakramente slegs bestaande geloof versterk. Die sakramente is dus nooit selfstandig nie. Sonder die Woord sê die sakramente eintlik niks, want die sakramente veronderstel die aanwesigheid van geloof. 'n Mens kan dus gered word as hy slegs die Woord van God gehoor het, al het hy nooit die sakramente gebruik nie. Daarvan is die redding van die misdadiger aan die kruis 'n duidelike voorbeeld (Luk. 23:39-43).

Die blote feit dat van die sakramente gesê word hulle is *seëls*, bevestig dit. Dit is immers nie die seël of die stempel op 'n goudstaaf wat daarvan egte goud maak nie. Dit is net die teenoorgestelde: omdat dit egte goud is, kan dit die stempel van egte goud ontvang. So word 'n kind nie 'n kind van God *deur* die doop nie, maar *omdat* hy 'n kind van God is, *daarom* word hy gedoop. Hy kan egter nie gered word deur deel te hê aan die sakramente sonder om die Woord te hoor nie (Rom. 10:14).

'n Tweede verskil is dat die Woord in die reël volgens Romeine 10:14 hoorbaar tot die mens kom (hoewel dit die lees daarvan insluit), terwyl die sakramente sigbaar is. Derdens word die Woord tot alle mense gerig, terwyl die sakramente slegs vir gelowiges bedoel is.

Ondanks die verskille tussen Woord en sakramente, is daar 'n baie groter ooreenkoms as verskil tussen hulle. Dit is juis hierdie ooreenkoms tussen hulle wat die Kategismus so sterk wil beklemtoon, naamlik dat die Heilige Gees met Woord en sakramente presies dieselfde beoog. Dit wil ons spesifiek leer en verseker dat ons volle saligheid rus op die offer van Christus wat Hy aan die kruis gebring het.

Albei wys as't ware met 'n uitgestrekte vinger na die offer van Christus aan die kruis as die enigste grond van ons saligheid (vgl. Rom. 6:3). Albei wil, in die woorde van Paulus (1 Kor. 2:2), oor niks anders getuig nie as oor Jesus as die Christus en Hom as die gekruisigde.